# Wanneer 'n kerk se kultuur begin verander ...

Frederick Marais

Ek het nog selde so moeilik aan iets geskryf soos hierdie artikel. Ek dink dit het alles te make met die onderwerp.

Om te skryf oor die kultuur van die organisasie waarvan jy deel is, is byna so futiel as om vir 'n vis te vra om oor water te skryf. En tog glo ek moet ek maar probeer, want ek is oortuig dat ons tans getuies is van 'n kultuurverandering in die NG Kerk. Ek gaan dit probeer doen aan die hand van dit wat by die afgelope Algemene Sinode gebeur het. Om eerlik te wees, eintlik dit wat gebeur … en nie gebeur het nie.

## *Organisasiekultuur is lewenswandel*

Kultuur is daardie onsigbare en dikwels ongeskrewe "ooreenkoms van gedragsreëls" wat aan mense in die organisasie voorskryf oor hóé dinge gedoen word, en met watter gesindheid.

Dit is hierdie hóé waarna Paulus in Filippense verwys wanneer hy die gemeente aanmoedig om hulle "lewenswandel" in ooreenstemming met die Evangelie te bring (Fil 1:27).

Organisasiekultuur is lewenswandel. Dit word uitgedruk in die taal wat ons gebruik, asook die gebruike, denkpatrone, voorskrifte en gesindhede. Sommige van hierdie ooreenkomste skryf ons neer in belydenisskrifte en kerkordes. 'n Groot deel van die organisasiekultuur is egter ongeskrewe, en daarom so moeilik om te verander. Ek dink dit is ons gesukkel met die organisasiekultuur wat ons laat besluit het om iets soos die Seisoen van Luister te begin.

Dit is dikwels die ongeskrewe dinge wat nuwelinge óf aantrek óf wegstoot. Wat vir hulle in die sisteem nuut is, is byna asof dit op ons voorkoppe geskryf staan. Hulle sien dit in alles wat ons doen. Vir ons wat binne die sisteem is, is dit dikwels 'n verrassing as hulle ons daarmee konfronteer.

## *Leiers beliggaam organisasiekultuur*

Dit is hier waar leierskap so uitdagend raak. Leiers word aangewys juis omdat hulle die kultuur van die organisasie beliggaam.

Leiers is egter ook die meeste blootgestel aan die kragte van die organisasiekultuur. Die oomblik as hulle buite die ongeskrewe reëls begin optree of teen die grense daarvan druk, kom hulle onder skoot, word hulle verdink van kontrakbreuk, van manipulasie, en dat hulle buite hulle mandaat optree. Hou hulle aan om die gedragsreëls te wysig of anders te interpreteer, neem die druk op hulle toe. Mense in die sisteem begin hulle verdag maak, en selfs aktief teenwerk. Daar is 'n ou gesegde dat jy revolusie van die kansel af kan preek en niks sal gebeur nie, maar skuif nou net die kansel met 'n halwe meter, en jy het 'n revolusie! Jy sal maklik 'n kerkorde-artikel op 'n sinode verander, maar oortree een van die ongeskrewe reëls en jy sit met 'n opstand!

In prosesse van verandering wat dieper as maar net die oppervlak gaan, word leiers verrinneweer – en dit dikwels juis deur hulle vriende wat hulle daar geplaas het! Robert E Quinn noem dit "walking naked into the land of uncertainty" in sy boek *Deep Change* (Josey-Bass 1996).

Leiers wat geroep word om die kultuur van hulle organisasies te verander, is kwesbare mense. Vra maar vir Jeremia oor sy stryd met die valse profeet Gananja (Jer 28). Gananja vertolk die situasie van die ballingskap vanuit die "bekende" selfverstaan, terwyl Jeremia 'n nuwe interpretasie probeer gee, en daarom binne die kultuur van Israel uiters kwesbaar is.

## *Buitestanders sien ons kultuur makliker raak*

Hoe langer jy deel van die sisteem is, hoe "onsigbaarder" word die kultuur, omdat dit juis daardie kultuur is wat jou eie gedrag en denke begin vorm.

Nuwelinge of buitestaanders sien die kultuur die maklikste raak. Dit is soos konsentriese sirkels. In die binneste kring is die "familie" wat die kultuur byna verpersoonlik. Die tweede kring is die toeskouers of "besoekers". Hulle is goed bekend met die kultuur en neem waar hoedat die familie die kultuur in stand hou en uitleef.

Op die buitenste kring is die "buitestanders". Hulle kom so nou en dan kyk na wat in die sisteem aan't gebeur is, en het eintlik van almal die beste kans om hierdie "onsigbare" gedragsreëls raak te sien. Hulle is buitestanders juis omdat hulle nie die kultuur ken nie, of nie daarvan hou nie. Dit is nie moeilik om te verstaan nie dat juis hulle ons beste bondgenote in prosesse van diepgaande verandering is.

Wanneer buitestanders begin om te vertel van 'n verandering wat hulle bespeur, moet ons ons ore spits, want hulle neem verandering in die kultuur die vinnigste waar.

Ek het daarom gaan kyk na die wyse waarop daar in die Afrikaanse dagpers vóór, tydens en ná die afgelope Algemene Sinode oor die verloop van gebeure berig is. Die volgende aanhalings vertel die verhaal van "buitestanders" wat iets dramaties sien gebeur het.

❍ **Hoe om die Algemene Sinode te oorleef?**
*Woensdag 30 Mei ('n week vóór die Sinode) – Die Burger*
Neels Jackson skryf oor die komende sinode met die duidelike boodskap: Hier kom 'n groot " backlash", en die geveg gaan onaangenaam wees.

❍ **Stemmige sinodedag is dalk stilte voor NG Kerk-storm**
*Dinsdag 5 Junie – Die Beeld*
Ná die eerste dag berig Jan-Jan Joubert, dit was verstommend rustig, maar wag maar, hier kom 'n groot oorlog, want die verdeeldheid is diep: "Daar is 'n geselligheid, die warmte van gemeenskaplikheid, ... (D)ie sinodegangers is welmenend en vriendelik, maar 'n somber wolk is waarneembaar bo die mooi sang ... ( D)ié wolk is die onenigheid wat dié mense – almal lief vir hul kerk – wil besweer. Net: 'n Mens kry die gevoel hulle weet nie heeltemal hoe hulle dit gaan regkry nie."

❍ **Moenie die ooms onderskat – grysheid bring wysheid**
*Vrydag 8 Junie – Die Burger*
Ná vier dae, berig Jan-Jan Joubert: "Dit was gister asof die wolk van swaarmoedigheid wat sedert Maandag net oorkant die einder gehuiwer het, by die NG Kerk se Algemene Sinode in Boksburg gelig het. Die konsensus wat oor die hantering van gay lidmate bereik is, maak van die NG Kerk een van die progressiefste kerke in die land oor dié kwessie – en laat aan diegene wat meer behoudend voel, die ruimte om in eie gemeente vas te hou aan die ou weë ... Moenie die ooms onderskat nie – grysheid bring wysheid.

"En as dit gaan om uitset, sou min mense kon kers vashou by hierdie ooms. Daar is nie 'n wegglippery nie, daar is nie veel tydmors nie, op die oog af is die mense ingelig. Die debat is van hoë peil en persoonlike nydigheid kom soms verskuild voor, maar dan op so 'n wyse dat 'n politieke verslaggewer soms voel dis tot 'n kunsvorm skerpgemaak!

"Trouens, laat 'n mens toegee: Waar sommige van die teologiestudente wat hier as hulpspan optree, redelik afwysend verwys na die ou ooms met die grys skoene, sou jy stellig kon aanvoer die ooms het dalk al meer oor dié sake vergeet as wat sommige van hul kritici ooit sal aanleer.

"En hul gay-besluit wys soms kom die wysheid met die grysheid en kan 'n klomp gryskoppe meer oopkop wees as wat algemeen aanvaar word. Moenie die ooms onderskat nie!"

❍ **Sinode vind konsensus binne groot verskille**
*Saterdag 9 Junie – Die Beeld*
Die dag ná die sinode skryf Jan-Jan die volgende: "Om van Maandag tot gister in daardie vergadering te sit, het 'n hele berg vooroordeel en vooropgestelde idees uitgedaag. Die sterkste indruk waarmee 'n mens daar weg is, is dat dit eerlike mense is wat in die algemeen bereid is om verrassend oopkop te stoei met die komplekse vraagstukke van ons tyd … Die besluit was soos die sinode: 'n verrassende en uitsonderlike voorbeeld van mense wat konsensus vind binne verskille omdat die wesensake van hul kerk vir hulle belangriker is as randkwessies waaroor niemand in elk geval die wysheid in pag het nie.

Wat 'n voorreg was dit om hierdie sinode by te woon!"

Van vooroordeel tot waardering, van spot tot bewondering, en dit vanuit die pen van 'n politieke verslaggewer oor die NG Kerk wat die afgelope dekades – dikwels met reg – maar swaar gekry het in die pers.

### *Wat het gebeur?*

Ek dink die kultuur het geskuif en die buitestanders het dit eerste raakgesien!

Natuurlik speel leierskap 'n groot rol. Natuurlik het die Seisoen van Luister se waardes en luistervaardighede 'n groot rol gespeel.

Dit was eintlik van die begin af duidelik dat die "lewenswandel" van hierdie Sinode anders gaan wees as vorige sinodes, dat leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid die deurslag gaan gee. Die werk van die afgelope vyf jaar het skielik bokant die oppervlakte uitgebreek.

Daar is ook 'n ander, méér geldige verklaring. Kultuurverandering is die werk van die Gees; dit is 'n geskenk aan 'n kerk wat deur diep waters is, wat hulle leiers gekruisig het en wat hulleself en almal om hulle wantrou. Ook hierdie gemeenskap van gelowiges is gevorm deur die werk van die Heilige Gees wat liefde, verdraagsaamheid en deernis aan ons as onverdiende gawe teruggegee het (Gal 5:13 ev).

### *Wat het ons geleer?*

As die waarnemings van 'n kultuurskuif deur die verslaggewers waar is – en ek dink dit is waar – is die vraag: Wat gaan ons daarmee maak? Soos baie ander kere wat ek sulke skuiwe waargeneem het, bly die een groot vraag: Waarop gaan ons fokus? Sal dit op die binnegevegte wees, of gaan ons in gesprek bly met die buitestanders om ons te help ontdek wat die Gees aan ons skenk?

Dit is die voorreg van die leierskap om ons te help om hierdie gawe te kan ontvang, en dit wéér en méér te beliggaam. Dit is die verantwoordelikheid van ons almal om hierdie geskenk te ontvang.

Oral waar ons kerk is – in gemeentes, ringe en sinodale werk en in die gemeenskap – moet ons getuies wees van die gemeenskap van gelowiges wat by van sy moeilikste oomblikke, toe konflik en skeuring die helderste voor hom kom staan het, die genade ontvang het om te kies vir leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid.

- ***Frederick Marais*** *is 'n gemeentekonsultant by BUVTON wat verskeie netwerke in die NG Kerk help ontwikkel het: Leesrooster, CFN en die Projek vir Gestuurde Gemeentes. Hy is die skrywer van die derde Seisoen van Luister-produk:* God Praat – Leef Luisterryk: vir vergaderings *by Bybel-Media.*

## Van instituut tot beweging: konsultasie in kerkverband

Van bl 13

roepingsverklaring, nuut verwoord aan die hand van die waardes van die Seisoen van Luister.

### *"Julle is my vriende"*

Die idee van vennootskap en samewerking begin dus die wyse waarop ons kerkwees verstaan verander. Dit het ook bepaalde skuiwe in die magstrukture tot gevolg, omdat nou in die eerste plek nagedink word oor wáár ons wil uitkom en wát ons wil doen, eerder as dat gepraat word oor wie die reg het om dit te doen en hoe gevestigde belange beskerm kan word.

Van 'n ander kant gesien: Die mag wat in die sisteem van verhoudinge ontwikkel, word nou gebruik om die visie te dryf en nie om die gevestigde belange te beveilig en besluite aan die hand van dié belange te manipuleer nie.

Die woorde van Jesus in Joh 15:15 is van toepassing: "Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want 'n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het" - 'n metafoor vir die wyse waarop die verband funksioneer: vennote en vriende, en nie base en klase nie.

Die mag van die verband is nou die mag van verhoudings wat sinergie skep, diversiteit insluit, gebruik en vier – tot 'n baie groter impak op baie méér terreine in die koninkryk.

- ***Chris van Wyk*** *is een van die predikante van die NG Gemeente Somerstrand in Port Elizabeth en assessor van die sinode van Oos-Kaapland. Hy is skriba van die Gemeentedienste Netwerk, www.gemeentes.co.za, en medeskrywer van die eerste twee Seisoen van Luister-produkte:* God Praat – Leef Luisterryk: vir groepe/vir begeleiers *by Bybel-Media.*